# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

## Nuusbrief

GROEI en DIEN

6 Mei 2022

## LIEWE WONNIE MA's

**INHOUD**


MOERDERSDAG
SPORT
PRESTASIE
OLIMPIADE
VERKEER
JUNIE EKSAMEN
WINTERSDRAG
SUBSIDIES
AKV
ROOK
LIEF & LEED


**MOEDERSDAG:**

Op Sondag, 8 Mei, vier ons elke moeder in ons Wonnie-familie. Baie dankie vir elkeen se insette in ons lewens. Ons waardeer julle opreg!

'n Ma weet as die laaste flentertjie hoop
hang aan 'n klein stukkie koord
...van daai binnekant-gil se ongeuiterde woord.

'n Ma weet van hartseer-oë, se ver-af verlange-kyk
van 'n gebroke siel wat verlore lyk...
'n Ma weet van 'n stukkende laphart
wat eenpoot staan in 'n posisie benard.

Selfs met gedagtes wat woordloos rondlê.
Oomblikke wat nie kan praat nie
en met woorde wat spaarsamig lê.

Dan weet 'n ma...
want sy is die een wat jou binnekant
tot in jou hart kan sien.



# NETBAL

Die Wonnies kraai weer koning. Puik prestasie is gelewer teen Hoërskool Pretoria Noord.

Uitslae:

Dragonflies wen 34 - 27

19B wen 18 - 17

17A wen 16 - 13

16B wen 29 - 6

16A wen 23 - 9

15B wen 28 - 1

14B wen 13 - 5

14A wen 19 - 7










# WINTERSPORT:

Baie sterkte aan die rugby, netbal en die hokkie wat hierdie naweek in die finaal van die NWU Sportreeks deelneem!



# WONNIE LEERDER:



Baie geluk aan Masego Seleka wat verkies is tot die GSS Gauteng span as AV in die o/16 span. Die Wonnies is trots!

Sy is tog 'n Wonnie!

# WETENSKAP OLIMPIADE:

**WETENSKAP OLIMPIADE 2022**

Die Wetenskap Olimpiade bied aan ALLE leerders die geleentheid om die mite dat Wetenskap vervelig of moeilik is, nek-om te draai!

2022 se Olimpiade is deur Armandt Erasmus, toppresteerder Graad 12, 2022 opgestel. Hierdie jaar was daar 'n afsonderlike Junior (Gr 8, 9 en 10) en Senior kategorie (Gr 11 en 12). Die tema vanjaar was ASTRONOMIE. Leerlinge het in drie rondtes teen mekaar meegeding.

42 juniors en 23 seniors het ingeskryf. Van die deelnemers het glad nie Fisiese Wetenskappe as vak nie en selfs die Geografie-leerders was begeester om in te skryf. Die entoesiasme waarmee hulle deelgeneem het asook navrae gedoen het oor kwalifikasie vir die volgende rondte, was 'n goeie bewys van die Wonnies se belangstelling in die Wetenskappe.

15 juniors en 8 seniors het onderskeidelik na die finale rondte deurgedring. Uiteindelik was die spanning iets van die verlede toe die wenners op 3 Mei 2022 aangekondig is.
Die Junior kategorie is gewen deur Marnus Lezar, graad 9. Hy het 'n 52 Scientific Chemistry Experiment stel gewen. Baie geluk Marnus!

Die senior kategorie is gewen deur Anneke de Lange, graad 12. Sy het 'n Celestron Powerseeker Teleskoop gewen. Baie geluk Anneke!

Die Olimpiade kan beslis in 2023 nog groter aftrek kry! So, hou die kennisgewingborde dop en skryf dadelik in. Die volgende wenner mag dalk net JY wees!






# VERKEER

**VERKEER RONDOM DIE SKOOL:**

Die verkeer rondom ons skool bly maar voortdurend 'n uitdaging. Die feit dat daar slegs een toegangsroete is, maak die verkeersvloei moeilik. Graag vra ons weer dat u nie in die middel van die pad of in die draai in die dienspad stop, ten einde u kind af te laai nie. Leerders kan ook reeds 'n blok verder afgelaai word, daar is gelukkig al die pad tot by die skool ouers wat u kind kan sien en dit is dus werklik veilig.

# JUNIE EKSAMEN:

**JUNIE TOETSREEKS**

Leerders skryf in kwartaal 2 toetse (25 Mei – 10 Junie). Die toetsrooster is vandag vir u kind uitgedeel. Vergewis u asseblief van die toetse. Die volgende inligting is egter uiters belangrik:

Daar is GEEN bloktyd nie. Volgens die departementele riglyne, moet leerders by die skool wees. Dit is veral in die lig van die feit dat dit slegs 'n toetsreeks is. Ten einde leerders te akkommodeer om steeds effektief voor te kan berei, sal toetse (sessie 1 en sessie 2) in die oggend plaasvind. Leerders wat afwesig is, wanneer hul nie skryf nie, sal volgens die gedragskode hanteer word en inskrywings vir stokkiesdraai ontvang.

Let ook daarop dat die toetsreeks op 10 Junie eindig. Die toets word dan deurgegaan en punte gefinaliseer. Hierna volg NORMALE SKOOL tot die skool op 23 Junie sluit. Kurrikulum-werk word voltooi en afgehandel. Geen leerder kan dus in die tyd afwesig wees nie.

# WINTERSDRAG

**WINTERSDRAG:**

Leerders moet nou volle wintersdrag dra (Mei tot Augustus). Maak asseblief seker dat u kind die korrekte wintersdrag dra. Die sportbaadjies mag slegs deur Graad 12-leerders gedra word, dit is reeds in die ander grade uitgefaseer. Leerders moet asseblief ook nie komberse om hul bind of mussies dra nie: dié items gaan gekonfiskeer word. Besoek gerus die klerebank indien u enige kledingstuk benodig.

# SUBSIDIE:

**AANSOEK OM SUBSIDIE:**

Aansoeke om subsidie is gesluit.  Ouers wie se finansiële posisie drasties verander het, as gevolg van bv. afdanking ens. kan steeds ‘n nood-aansoek doen.  Enige ander aansoeke sal ongelukkig nie meer hanteer word nie. Kontak gerus die finansiële afdeling by finansies@wonnies.co.za

# AKV:




Skryf in en wys die Wonnies jou talente! Sluitingsdatum is 13 Mei 2022.

# ROOK:

Die Hoërskool Wonderboom is 'n “Rookvrye Sone”.  Vergewis u van die skool se gedragskode soos dit ook in die leerdersdagboek voorkom.

**Rook of Rooktoeskouer**

Die Hoërskool Wonderboom is ‘n “Rookvrye Sone”

Dit is ‘n kriminele oortreding om in ‘n rookvrye sone te rook.

Dit is ‘n misdaad om enige aanstekers of vuurhoutjies in besit te hê op ‘n skoolterrein.



**Rook (Eerste oortreding):** Skedule 1-oortreding en word onmiddellik aangeteken op die stelsel. Die ouers word ingelig en leerder word onmiddellik uit die sisteem verwyder.

Enige toebehore, rookgoed insluitende “vape” ens. sal gekonfiskeer word en vernietig word.

**Rook (Tweede oortreding):**  Skedule 2-oortreding – Die ouers word ingelig en 3-5 dae tydelike skorsing kan volg. Ouers kom haal dadelik die leerder.

**Rook (Derde oortreding):** Dit word beskou as ‘n herhaalde skending van die gedragskode en kan na die Beheerliggaam verwys word vir moontlike uitsetting.

# LIEF EN LEED

Die Wonnies verwelkom die nuwe personeel!



Me.  J. Mills (KunsGr. 8-9)



Me. M Kruger (Kuns Gr. 10-12)



Me. S Jansen van Vuuren

Afrikaans Gr.10



Die Wonnies se harte ruik uit na Galaletsang Makunyane en haar familie met die afsterwe van haar moeder.

Vriendelike groete



Mnr. M Lezar

Skoolhoof